

Sing vooraf: Psalm 103:3 (504)

- 3 Loof Hom wat met die goeie jou versadig,
jou lewenskrag van nuuts af begenadig,
sodat jou jeug is soos die arendsjeug.
Die HEER doen reg – Hy is die hoogste rigter –,
vergeld die kwaad en straf die onregstiger,
maar aan verdruktes skenk Hy ruimte en vreug.

Ons begin hierdie ontmoeting met God deur openlik teenoor mekaar en teenoor God te verklaar:

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 68:2, 9 (331)

- | | |
|--|---|
| <p>2 Maar al Gods volk, in Hom verheug,
sal opspring in hul sielevreug
en huppel voor sy oë;
sy mag, wat alle mag oortref
en uit verneedring hul verhef,
sal nooit hul val gedoë.
Hef tot Gods eer 'n danklied aan;
verhoog, verhoog voor Hom die baan;
sing, al wat leef, sy ere!
Berei die weg, in Hom weer bly
wat deur die wye vlaktes ry:
sy Naam is HEER der here!</p> | <p>9 Geloofd sy God met diep ontsag,
want Hy oorlaai ons dag aan dag
met ryke seëninge.
Wie sou Hom dan nie dank bewys,
die God van saligheid nie prys,
met al die hemelinge?
Dié God van volle saligheid
versterk ons in die dag van stryd
en dra ons deur die lewe.
Hy kan en wil en sal in nood,
selfs as ons sidder vir die dood,
volkome uitkoms gewe.</p> |
|--|---|

Geloofsbelijdenis: Apostolicum

Na die wet bely ons voor God ons sondeskuld en bid vir vergewing van ons sondes met Psalm 32:3 (152).

Wet

Psalm 32:3 (152)

- 3 Ek het bely, o HEER – in sielerou nie
my hart gegrendel of my mond weerhou nie.
Ek het bely wat my van U vervreem,
U het my skuld genadig weggeneem.
Dus kom Gods volk, dus kom al sy bemindes
om Hom te soek terwyl sy guns te vind is;
die lewensee mag met sy golwe slaan,
dit deer hul nie, dit raak hul selfs nie aan.

Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

Amen.

Psalm 47:1, 4 (240)

1 Juig, o volke, juig! Handklap en betuig
voor die HEER jul vreug! Wees in God verheug!
Sing Hom lof en prys op verhewe wys,
want bo al wat leef en voor Hom moet beef,
sal sy septer wink en sy glorie blink –
Allerhoogste in eer, groot is God die HEER!

4 Psalmsing tot Gods eer! Weet dat Hy regeer.
Hy het opgevaar, Koning is Hy daar
van die heidendom. Vorste en volke kom
om sy volk te wees, Abrams God te vrees.
Skild en teëweer is van U, o HEER!
Sing dan juublend bly! Hoog verhewe is Hy!

Skriflesing: Levitikus 26

Teks: Levitikus 26:12

En Ek sal in jul midde wandel en vir julle 'n God wees, en julle sal vir My 'n volk wees. (Levitikus 26:12 AFR53)

Hier is twee dinge wat saamgesmelt is in een:

- Eerstens lê die Here 'n ontroerende rouklag teen sy volk.
- Tweedens is dit 'n Goddelike verklaring van liefde.
 - Maar terselfdertyd is dit 'n liefde wat gedwing word om tot straf oor te gaan.
 - Die rede is die onbegryplike ondankbaarheid van die wat aan die Here behoort.

Waaroor gaan die klag?

- Dit gaan daaroor dat die Here se volk nie Hom alleen en van harte aanbid nie.
- Hulle aanbid ook afgode.

Die Here wys hulle daarop dat Hy die HERE hulle God is.

- Hy is die Enigste God wat bestaan.
- Alle ander gode bestaan net as denkbeelde in die mense wat hulle skep se gedagtes.

Die gang van die saak is duidelik:

- Ons word deur die Here aangepraat omdat ons verkeerd lewe en aanbid.
- Hy verwag van ons om tot ware bekering te kom en sake reg te stel.
- Hy belowe om hierdie bekering en suiwer aanbidding op te volg met 'n wye reeks seënninge.
- Hy rond dit af met die bevestiging van sy genadeverbond met ons: Hy is ons God en ons is sy volk.

Die oproep van die Here oor ons is eenvoudig en duidelik:

- Ons moet besef dat daar net een enkele lewende God is, en ons moet Hom aanbid.
- Ons is met ons hele menswees die Here se tempel.
 - Onthou u wat Hyself eenkeer gesê het:

Of watter ooreenkoms het die tempel van God met die afgode? Want julle is die tempel van die lewende God, soos God gespreek het: Ek sal in hulle woon en onder hulle wandel, en Ek sal hulle God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees. (2 Korintiërs 6:16 AFR53)

Wat verwag die Here?

- Hy verwag van ons om ons lewens so in te rig dat ons lewens nie ingerig word deur die donkerheid van ons eie verstand nie.
- Ons moet so met Hom saamleef dat ons visier daarop gerig is dat ons in die ewige lewe saam by God sal wees.

In die gedeelte wat ons saam gelees het in Levitikus 26 belowe die Here in groter wordende kringe

sy genade wanneer die mense wat Hom moet aanbid, dit op die regte manier en gehoorsaamheid gaan doen. Ook in hierdie beloftes slaan die volmaaktheid van die ewige lewe deur.

- Eerste belowe die Here sy seën oor die natuur.
- Daarna belowe die Here sy seën oor die land.
- In die derde plek belowe die Here sy seën oor die mense met wie Hy besig is om te praat:

En Ek sal my tabernakel onder julle oprig, en my siel sal van julle geen afsku hê nie. En Ek sal in jul midde wandel en vir julle 'n God wees, en julle sal vir My 'n volk wees.

(Levitikus 26:11-12 AFR53)

Ons vier vandag die heilige Nagmaal – 'n feesnagmaal. Kom ons sê dit effens anders:

- Ons kom sit aan die Here se tafel waar Hy weer sy liefde en verlossing aan ons herbevestig.
- Hy wil hê dat ons weer nuut die betekenis van die kruisdood van sy Seun in oënskou moet neem en verstaan dat Hy daarmee juis bevestig dat Hy ons God is en dat ons sy volk is – sy eiendom.

Dit is 'n groot saak, want enige mens wat hierdie gebeurtenis nie kan verstaan en die effek daarvan in sy eie lewe kan sien en glo nie, gaan verlore. Lees maar net wat die Here verder in die hoofstuk skryf. Sulke mense gaan Hy vir ewig uitroei en vernietig.

Omdat ons weet en glo dat ons nie van die mense is wat God die Here minag en met sy eise maak soos ons dit goeddink nie, moet ons besin oor die Here se woorde:

En Ek sal in jul midde wandel en vir julle 'n God wees, en julle sal vir My 'n volk wees.

Wat verwag Hy van ons wanneer Hy dit sê? Skrifvergeljking oor hierdie saak bring die volgende aan die lig:

- **Ons moet absoluut aan God gehoorsaam wees.**
- Ons moet moeite doen om te gaan uitvind wat Hy in die verlede al alles gesê het en ons moet absoluut daarby bly. Dan bly God en sy seën by ons.

Maar hierdie saak het Ek hulle beveel, naamlik: Luister na my stem, dan sal Ek vir julle 'n God wees, en julle sal vir My 'n volk wees; en wandel net in die weg wat Ek julle beveel, dat dit met julle goed kan gaan.

(Jeremia 7:23 AFR53)

. . . wat Ek julle vaders beveel het op die dag toe Ek hulle uit Egipteland, uit die yster-smeltoond, uitgelei het met die woorde: Luister na my stem en doen die woorde net soos Ek julle beveel; dan sal julle vir My 'n volk wees, en Ek sal vir julle 'n God wees—
(Jeremia 11:4 AFR53)

Dit is ook nie 'n alleenpad en 'n vreeslike stryd om by al hierdie dinge te kan uitkom wat die Here van ons verwag nie. Hy gaan met sy Goddelike almag elke tree wat ons gee met ons saam. Hy maak dit vir ons moontlik om alles te kan doen wat Hy verwag. Dink aan die volgende beloftes wat die Here gemaak het:

En Ek sal hulle 'n hart gee om My te ken, dat Ek die HERE is; en hulle sal vir My 'n volk wees, en Ek sal vir hulle 'n God wees, want hulle sal na My terugkeer met hul hele hart.
(Jeremia 24:7 AFR53)

Maar dit is die verbond wat Ek ná dié dae met die huis van Israel sal sluit, spreek die HERE: Ek gee my wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees. (Jeremia 31:33 AFR53)

. . . sodat hulle in my insettinge kan wandel en my verordeninge kan hou en dit doen; en hulle sal vir my 'n volk wees, en Ek sal vir hulle 'n God wees.

(Esegiël 11:20 AFR53) (Vergelyk ook Esegiël 14:11).

Die Here herhaal weer hierdie woorde in die Nuwe Testament in Hebreërs 8:10:

Want dit is die verbond wat Ek ná dié dae sal sluit met die huis van Israel, spreek die Here: Ek sal my wette in hulle verstand gee en dit op hulle hart skrywe; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees. (Hebreërs 8:10 AFR53)

Natuurlik moet ons die woorde van Esegiël 37:23 ook onthou:

En hulle sal hul nie meer verontreinig met hulle drekgode en hulle verfoeisels en met al hulle oortredinge nie; en Ek sal hulle verlos uit al hulle woonplekke waarin hulle gesondig het, en sal hulle reinig. So sal hulle dan vir my 'n volk wees, en Ek vir hulle 'n God wees. (Esegiël 37:23 AFR53)

So verander die Here ons totdat ons in die hiernamaals in 'n volmaakte toestand by Hom is waar sy tabernakel oor ons sal wees. Hy sal vir ons 'n God wees en ons vir Hom 'n volk wees (Esegiël 37:27).

En my tabernakel sal oor hulle wees, en Ek sal vir hulle 'n God wees en hulle vir my 'n volk wees. (Esegiël 37:27 AFR53)

Alles gaan oor **versoening**. Ons moet met die Here versoen word om weer sy volk te kan wees, en weer voluit in sy liefde en genade as ons eingste ware God te kan deel.

- **Saam met versoening gaan dinge soos berou en bekering.**
- Die Here sê dat ons moet nadink oor ons sondes en ons skaam.
 - Ons moet van skaamte nie weer ons mond oopmaak nie, want Hy gaan Hom met ons versoen ten spyte van alles wat ons gedoen het.
 - Die Here herinner ons ook daaraan dat Hy ons God is (Esegiël 16:63; Levitikus 5:18).

God het aan ons geopenbaar wat sy vryspraak behels:

- Hy het die sondes wat Hy voorheen in sy verdraagsaamheid tydelik ongestraf laat bly het, vergewe.
- Maar Hy het ook getoon wat sy vryspraak in die teenswoordige tyd behels: Hy oordeel regverdig deurdat Hy elkeen vryspreek wat in Jesus glo – God het Hom gegee as offer wat deur sy bloed versoening bewerk het vir dié wat glo (Romeine 3:25-26; Romeine 5:11).
- Ons moet werklik bly wees in God deur ons Here Jesus Christus, deur wie ons nou die versoening ontvang het.

Ons moet ook nie dink dat ons versoening afhang van ons eie keuses en beslissings nie. Die genade van die Here is baie groter as dit.

- Ons totale verlossing is die werk van God.
- Hy het ons deur Christus met Homself versoen en aan ons die bediening van die versoening toevertrou (2 Korintiërs 5:18).

Die apostel Johannes het voor sy dood geskryf hoe groot hierdie liefde van God is:

Hierin is die liefde: nie dat ons God liefgehad het nie, maar dat Hy ons liefgehad het en sy Seun gestuur het as 'n versoening vir ons sondes. (1 Johannes 4:10 AFR53)

Daarom het ons gelees dat die Here ons vermaan om sy sabbatte te hou en om respek vir sy

heiligdom te hê.

- Almal weet dat die sabbat gaan oor die dag van aanbidding en dat die Here daarmee bedoel dat ons aanbidding waar en eg en gereeld moet wees.
- NB Hierdie vers het 'n baie duidelike profetiese element in hom, naamlik dat ons Sondagsviering gaan uitloop op die ewige sabbat by die Here – soos ons dit ook in ons belydenisskrifte verklaar.
- Die ewige lewe is die ewige sabbat wat uit die genade van die Here Jesus se bloed aan ons geskenk word.

Die verwysing na die Here se “Heiligdom” wys op die feit dat die plek van ons ware aanbidding ook die plek van God se teenwoordigheid is – profeties dan sekerlik ook met Openbaring 21:3, 4 in gedagte:

En ek, Johannes, het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, sien neerdaal van God uit die hemel, toeberei soos 'n bruid wat vir haar man versier is. En ek het 'n groot stem uit die hemel hoor sê: Kyk, die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en God self sal by hulle wees as hulle God. En God sal al die tranes van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geweene en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan. En Hy wat op die troon sit, het gesê: Kyk, Ek maak alles nuut. En Hy het aan my gesê: Skryf, want hierdie woorde is waaragtig en betroubaar. (Openbaring 21:2-5 AFR53)

Amen.

Gebed

Psalm 65:3 (315)

- 3 Ons al ons in u huis versadig
met hoogste gunsbewys:
met heil'ge goed wat U milddadig
laat stroom uit u paleis.
U antwoord ons in reddingsdade:
gedug is U in mag
Ons prys die blyk van u genade;
die vyand toon ontsag.

Formulier

Af tafel toe: 63:3 (308)

- 3 Ek wil U prys my lewe lank,
my hande ophef en U dank.
Want, soos met vettigheid, sal weer
my siel versadig word, o HEER!
My mond sal jubelend U noem,
my lippe hoog u weldaad roem
wanneer die aarde in nag versink –
dan sal ek peinsend aan U dink.

Tydens Nagmaal: Psalm 116 (569); Psalm 118 (575)

Slotgebed

Slotpsalm 2:4 (6)

- 4 En Ek, die Vors, so hoog in mag en eer,
sal Gods besluit die wêreld oor laat klink:
“Ek self (sê God) het U gegeneer:
U is my Seun, uit wie my beelt'nis blink.
Spreek dan u eis, Ek skenk dit U gewis.

En dat u troon vir ewig vas mag bly,
gee Ek die volke tot u erfenis
en wêreldwydtes tot u heerskappy.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

*Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: Feesnagmaal 4 Mei 2007 (Bellville 50 jaar)*